



Mastitisbeheerprogram

Sleutelkenmerke:

- Akkurate identifisering en mikrobemonitering in kuddes.
- Entstof fomulerings en produksieprosesse wat dadelik opgedateer kan word om die mees onlangse mikrobies in te sluit wat mastitis in die kudde veroorsaak.
- Entstowwe bevat 'n immuunstimulant wat genoegsame beskermende teenliggaamvlakke in die uier aktiveer. Die entstowwe is veilig om in enige dier te gebruik (insluitend dragtige diere).

Maatskappy-inligting:

Letaba Veterinêre praktyk, Disease Control Africa en La-Bio Research (LVP) funksioneer as 'n eenheid wat omvattende gespesialiseerde veeartsenydienste lewer. LVP spesialiseer in die beheer en voorkoming van siektes in die landbousektor. Die fasiliteite is by alle toepaslike owerhede geregistreer en voldoen aan internasionale standaarde. LVP beskik oor veeartsenyvennote wat spesialiste is in die perde-, pluimvee-, suiwel-, skaap-, wilds- en voedingsbedryf.

Die dienste van Disease Control Africa (DCA) sluit akkurate diagnose, immunologiese en molekuleêre ontleding in, om sodoende 'n volledige beheer program uit te werk wat optimale beskerming lewer. Die spesifieke entstowwe wat geproduseer word, op aanvraag, is geïnaktiveer en veilig om in enige dier te gebruik. Dit bevat 'n immuunstimulant (adjuvant) wat die immuunstelsel aktiveer om spesifiek op te tree en die patoëen doeltreffend te neutraliseer.

Agtergrond en inleiding tot mastitis:

Mastitis is 'n komplekse siektetoestand wat deur 'n groot verskeidenheid mikro-organismes veroorsaak kan word. Ander oorsake (nie-mikrobies) kom ook voor aangesien mastitis slegs as 'n inflammatoriese reaksie gedefiniëer word. Afgesien van eksterne faktore soos trauma (melkmasjien of ander fisiese faktore) en swak bestuur, is voorkomende beheermaatreëls en behandelingsregimes gewoonlik onsuksesvol om volgehoue beskerming te bied. Die rede hiervoor is die groot verskeidenheid spesies mikrobies (wat wissel van aansteeklike patogene tot normale omgewingsmikrobies) en die voorkoms van verskillende stamme van mikrobies van dieselfde spesie wat mastitis kan veroorsaak. Dié spesies en stamme verskil elkeen in terme van hul antigeniese eienskappe en weerstand teen antibiotika en ontsmettingsmiddels. Dié faktore is die rede waarom geen enkele entstof, antibiotikum of ontsmettingsmiddel doeltreffend teen alle mastitisgevalle sal wees nie – nie eens binne 'n spesifieke kudde nie.

DCA bied 'n hoogs doeltreffende beheerprogram wat spesifiek geformuleer en maklik opgedateer kan word volgens veranderinge wat voorkom in die mikrobe-profiel van suiwelkuddes. Die program sluit in die isolering en akkurate identifisering van mikrobies, die bepaling van mikrobies se weerstand teen antibiotika en ontsmettingsmiddels, asook die formulering en vervaardiging van kuddespesifieke entstowwe. Dié entstowwe is veilig vir kalwers, verse, lakterende koeie en dragtige koeie. Die entingsprogram kan aangepas word vir droëkoeie- of lakterende kuddes. Dit kan ook met die DCA-kalfdiarree entingsprogram geïntegreer word. Dit is belangrik dat die DCA-mastitisbeheerprogram met 'n doeltreffende kuddebestuursprogram geïntegreer word wat deeglike sanitêre maatreëls en toestande insluit om optimale diergesondheid te verseker. Dié mastitisbeheerprogram sal geen invloed op ander behandelings- of entingsprogramme hê nie. **Dit word ten sterkste aanbeveel dat die kuddeveearts by die toepassing en bestuur van die program betrek word.**

Beskrywing van die mastitisbeheerprogram

Monsterneming, storig en vervoer:

Identifiseer die kwarte wat mastitis of hoë somatiese sel tellings toon. Gebruik 'n skoon lappie wat "spirits" of alkohol bevat en vee die speen skoon. Laat dit vir ongeveer een minuut droog word. Melk die speen een maal uit en neem dan 'n melkmonster in 'n skoon, steriele en verseëlbare houer (byvoorbeeld 'n proefbuis of monsterbotteltjie). Die houer mag geen bymiddels bevat nie. Monsters van tussen 2 ml en 5 ml is voldoende. Moenie die houer meer as tweederdes volmaak nie. Verseël die houer en plaas dit in die vrieskas (melk bevat natuurlike preserveermiddels vir mikrobes). Melkmonsters kan tot 'n maand lank bevrore gestoor word. Monsters kan in 'n koelhouer op ys gepak word en oornag na DCA gestuur word. Alle houers moet met die koeinommer gemerk word, asook die kwart waarvan en datum waarop dit geneem is.

DCA-monsterontleding en patogene:

Die melkmonsters word ontleed vir mikrobes wat mastitis kan veroorsaak. Mikrobes word geïdentifiseer en in suiwer kulture gekweek. Die geïsoleerde mikrobes word vir antibiotiese weerstand teen verskeie antibiotika getoets. Vatbaarheid vir ontsmettingsmiddels kan ook op versoek van die boer of veearts getoets word.

Entstof formulering, vervaardiging en kwaliteitsbeheer:

Die entstof word geformuleer om isolate te bevat wat die hele spektrum mikrobes wat uit die melkmonsters geïsoleer is te verteenwoordig. Dié isolate word dan gekweek en voor entstofvervaardiging geïnaktiveer. Die entstof word volgens die presiese aantal dosisse vervaardig en verpak soos versoek deur die boer of veearts. Steriliteitstoetse word op elke voorraadgroep gedoen om te verseker dat die produk veilig is om te gebruik. Slegs ná voltooiing van die steriliteitstoetse word die entstof vrygestel om versend te word.

Entstof toediening:

'n Primêre enting word met die aanvang van die program aan die lakterende kudde toegedien, gevolg deur 'n skraag enting ("booster") twee weke later. Daarna word slegs een enting maandeliks toegedien aan die kudde. Die maandelikse entstowwe word opgedateer sodra nuwe mikrobes geïsoleer word. Vir behandeling van droë koeie word die eerste enting toegedien tydens opdroog van die koei, gevolg deur die skraag enting tydens opstroom. Die normale maandelikse entingsroetine (saam met die res van die kudde) word weer hervat sodra die koei se laktasiesiklus begin.

Maandelikse monsters, entstof opdatering en skedules:

Deurlopende mastitismonitering en gereelde monsterneming moet volgehou word sodra die mastitisbeheerprogram 'n aanvang neem. Melkmonsters kan gedurende die maand geneem word as mastitisgevalle voorkom, en gevries word totdat dit na DCA toe gestuur kan word. Stuur monsters in een versending per maand na DCA. Sodra nuwe mikrobes geïsoleer word, word dit dadelik by die volgende entstof ingesluit, en ou mikrobes word weggelaat waar nodig. Nuwe monsters moet DCA ten minste twee weke voor die volgende geskeduleerde enting bereik.

Vir meer inligting, kontak:

Tel: 012 991 4628

Faks: 0866 912 913

Sel: 078 265 0595

E-pos: info@dc-africa.co.za

Webwerf: www.letabavet.co.za

Dr Johan Jooste: 079 507 7117

Mastitisbeheerprogramdiagram

Mastitisbeheerprogram – inisiëring

Maandelikse Mastitisbeheerprogram

